

# Saterdag 28 Augustus

Skrifgedeelte: Job 38-39

Fokusgedeelte: Job 38:3

## God vra die vrae!

Na al Job en sy vriende se gepraat, na elkeen se antwoord oor wat eintlik in Job se lewe aan die gang is, na al die vrae wat heeltyd deur Job se kop gemaak het, na baie gepraat van mense, is God nou aan die woord. Hy maak Job stil.

Die vrae wat Hy hom vra, gaan oor sy skeppingswerk. Dit gaan oor sy almag en sy alwysheid. Verstaan jy wat Ek gedoen het, Job? Was jy daar? Kan jy so iets doen?

Na al God se vrae oor die noukeurigheid waarmee Hy geskep het, is Job stil. Stil omdat hy besef het dat die mens God nie in die beskuldigingsbank kan plaas nie. Stil omdat hy besef het dat God alwetend is. Stil omdat hy besef het dat sy troos daarin lê dat God alles weet. Waar ons so maklik dink ons gaan getroos wees as ons al die antwoorde het, herinner die Here ons hier dat Hy al die antwoorde het. Dat Hy in beheer is. Dat Hy die Skepper en die Onderhouer is. Dat Hy presies weet wat Hy doen. En dit is vir ons genoeg. Ons hemelse Vader is in beheer en Hy weet presies wat Hy doen en waarom Hy dit doen.

As God se kinders deur ons Here Jesus Christus het ons daarom altyd hoop. Ons kan onder leiding van die Gees ook in ons seer en moeilike dae ons berusting in God vind. Die God wat alles geskep het deur net te praat, sorg vir jou. Ons kan baie praat en baie vrae vra, maar ons word stil wanneer ons herinner word dat God volkome in beheer is. Vind jou troos daarin!

*Sing: Psalm 104-1:13, 14, 15*

*Ds. GP van Rhyn (Gerhard) (Komatipoort)*